



RONDONNUUS

APRIL 2021
TRIANNUAL NEWSLETTER

IN HIERDIE UITGAWE

01 — FOKUS

Pieter Du Toit - Besturende Direkteur: Dutoit Groep

Willem Coetzee - Hoofuitvoerende Beamppte: Dutoit Agri

03 — DIE KOLLIG

Martienet Uys - Voedselveiligheid

05 — DIE ARGIEF

Gys Du Toit Sr

07 — AFDELINGNUUS

Nooitgedacht

Kromfontein

Lindeshof

Tegnies

Bemarking

Oos-Kaap

Aanstellings & Oorplasing

Gys du Toit Sr 70

27 — ONS GEMEENSKAP

Gesondheidswerkers

COVID-19 Vaccination

Wêreld Hardop Leesdag

Graad 1 Laerskool Koue Bokkeveld

Doppie-Projek

Reduce Plastic Waste - Disposable Masks

MISSIE

Ons produseer, verpak, bemark en versprei kwaliteit landbouprodukte op 'n geïntegreerde, volhoubare, winsgewende, wetenskaplike en markgedrewe grondslag tot bevrediging van ons kliënte en ander belanghebbendes.

VISIE

Dié voorkeurverskaffer van spesialis varsprodukte in Suid-Afrika

KERNWAARDES

Betroubaarheid
Lojaliteit
Ordelikheid
Menswaardigheid

**DEDICATION
ALWAYS SHOWS**



PIETER DU TOIT

UITDAGINGS & AANPASBAARHEID

Ons is vanjaar geseënd met 'n bo-gemiddelde oes. Dit is 'n kombinasie van gunstige klimaat, goeie boerdery praktyke en langtermyn planne. Nou lê die groot verantwoordelikheid voor om die inkomste uit die oes te optimaliseer.

Daar is baie uitdagings soos te min kratte, koelkamerruimte, plukspanne, kragonderbrekings en boonop kom die Covid-virus net elke keer met 'n opslagbal. Dan is daar ook grootskaalse ontwigting in die verskepingbedryf – wêreldwyd.

Dit is in sulke tye wanneer die span wie die mees aanpasbare is en elke dag met 'n positiewe ingesteldheid nuwe slim planne maak, as wanners eindig.

Ek weet ons span het hulself al oor die jare bewys en sal weer van die pragtige oes 'n sukses maak. *Nie alleen gemeet aan finansiële resultate nie, maar hoe ons spanlede se respek vir mekaar groei wanneer ons die wa saam deur die drif sleep.*

Ons onthou sulke uitdagende tye die langste.



WILLEM COETZEE

DEDICATION ALWAYS SHOWS

Nog 'n abnormale, normale jaar in ons bedryf! As ek 2021 tot hede moet opsom, sal dit onthou word vir die jaar waarin ons met bo-gemiddelde oeste in die Wes-Kaap se Groente en Vrugte geseën is, met kwaliteit wat orals belowend lyk.

Die hael wat ons in die Oos-Kaap ervaar het, het ons wel teruggesit, maar ons kon dit in 'n geleentheid omskep deur van ons Wes-Kaap vrugte hierheen te vervoer en in die beskikbare gapings te verpak. Nie net is die Oos-Kaap se finansies hiermee gehelp nie, maar dit het as bonus verder gehelp met verspreiding van vrugte na die Oos-Kaap se hawens wat baie nodig was/is as gevolg van die internasionale tekort aan houters wat tans ervaar word.

Ons fasiliteite en mense ervaar orals die druk van volume en lang ure en ek is dankbaar om deel te wees van 'n span wat gedurig nuwe planne maak en 'n "can do"- gesindheid in tye soos hierdie openbaar.

Wanneer ons vorentoe kyk, bly die onsekerhede wat Covid bring, steeds 'n realiteit en moet ons fokus op die dinge wat binne ons beheer is. Kom ons doen dit voluit en na die beste van ons vermoë.

Dankie vir jou "dedication"!



VOEDSEL- VEILIGHEID

MARTIENET UYS

Agter die skerm....

Ons produseer, verpak, bemark en versprei kwaliteit landbouprodukte op 'n geïntegreerde, volhoubare, winsgewende, wetenskaplike en markgedrewe grondslag tot bevrediging van ons kliënte en ander belanghebbendes en ons droom is om dié voorkeurverskaffer van spesialis varsprodukte in Suid-Afrika te wees, MAAR hierdie gebeur nie vanself nie en verg fyn beplanning, op die voete dink, effektiewe bestuur van begrotings, werknemers, en vele meer ander uitdagings!

Ek het onlangs my gedagtes toegelaat om deur elk van die aktiwiteite binne ons besigheid te "reis". Die meeste aktiwiteite word deurlopend, soms daaglik, bespreek en gemeet teen die begrote doelwitte. Ek het tydens dié reis ook stilgehou by "plekke" waar spertye, gebrek aan finansies en begrip vir dringendheid, vir sommige individue dit baie moeilik maak om doelwitte te haal. Ek wil na hierdie "stilhouplekke" verwys as die "werkplek agter die skerm", waar ons Bestuur en normale praktyke ondersteun word sodat hul harde werk vrugte kan afwerp en ons gaan in die volgende uitgawes van Rondom by van hierdie "stilhouplekke" tyd spandeer.

Die bestuur van Voedselveiligheid is die eerste "stilhouplek" en binne my beperkte vermoë, wil ek graag erkenning gee aan Martienet Uys, wie op hierdie terrein die uitdagings, waarna sy in hierdie uitgawe verwys, daaglik met groot sukses bestuur. Nie alleen erken ons hierdeur haar kundigheid ten opsigte van al die vereistes van die onderskeie oudits hierbo waaraan ons moet voldoen nie, maar ook haar besondere, professionele, maar gemaklike wyse waarop sy Bestuur van die Wes-en Ooskaap deurlopend hierin ondersteun.

Ons salueer Martienet vir haar toegewyde ingesteldheid waarmee sy die ekstra myl binne Dutoit en sy filiale stap en erken hiermee die waardevolle bydrae wat sy tot die bereiking van ons Groep se doelwitte lewer.

Daléne Conradie

Hierna gee Martienet vir ons 'n kykie in haar dag tot dag ervaring in die werkplek, maar laat ons ook toe om in haar rol as vrouwees te deel.

Voedselveiligheid vir die Dutoit Groep beteken dat ons met vrymoedigheid ons produkte aan verbruikers, wêreldwyd kan verkoop, met die sekerheid dat hulle nie nadelig daardeur beïnvloed sal word nie. Dit sluit die hele ketting in, van plantmateriaal, deur die produksieprosesse en verpakking, verskeping, totdat ons produk by die eindverbruiker eindig.

Die hele prosesketting word deur vasgestelde standaarde beheer:

GlobalGAP

Aan produksiekant is daar GlobalGAP wat verseker dat goeie landboupraktieke toegepas word. (GAP: Good Agricultural Practices). Hierdie standaard word jaarliks getoets en gesertifiseer en tans het ons 11 produkte wat gesertifiseer is: appels, pere, pruime, perskes, nektariens, kersies, bloubessies, aartappels, uie, pampoen en patats.

BRC (BRC: British Retail Consortium)

Tydens verpakking moet alle pakhuse voldoen aan die BRC standaard. Dis 'n standaard wat wêreldwyd deur die meeste kliënte aanvaar word. Die fokus van hierdie standaard is om seker te maak dat alle verpakkingsfasiliteite, paktafels, prosesse, pakmateriaal en selfs alle onderhoudswerk sal verseker dat ons produkte veilig vir ons eindverbruikers is. Al ons pakhuse voldoen aan die standaard.

SIZA

Op beide Produksie- en verpakkingskant word daar baie aandag gegee aan die bestuur en wêreldwyd deur die personeel wat in hierdie ketting werk. SIZA is die standaard wat gebruik word om ons hantering hiervan te laat sertifiseer. (SIZA: Sustainability Initiative of South Africa)

PRIVAAT

Daar is 'n hele aantal ander privaat standaarde wat ook op die plase en by pakhuse getoets word. Daarvan is die Koolstofvoetspoor en die Farming for the Future van die vernaamstes.

Ek het in 2012 by Dutoit Agri begin as konsultant om alle plaasaktiwiteite in die GlobalGAP-standaard in die interne oudits te evalueer. In 2015 is ek permanent aangestel in die posisie as Voldoeningsbestuurder, met die verantwoordelikheid om toe te sien dat Dutoit Agri se produkte uitgevoer kan word.

My betrokkenheid by oudits het reeds in 2006 begin toe ek as ouditeur opgelei is en vir Parmalat higiëne-oudits in melkstalle gedoen het. Daarna het ek vir die Karsten Boedery gewerk, voordat ek 'n paar jaar as konsultant opgetree het.

Ek het op Mosselbaai gematrikuleer, as die oudste van 6 kinders. Op Stellenbosch, waar ek B.sC gestudeer het, het ek my man, Wessel, ontmoet. Ons het twee seuns, Johannes en Janlu, asook sopas 'n kleinseuntjie.

Martient Uys

Ons het 'n passie vir die veld en geniet dit om die vryheid van die natuur om ons te hê, waar ons na aan ons Skepper kan wees.



MICHELLS PAS

HET JY GEWEET?

1765

Jan Mostert bou die eerste pas - Mostertshoek Pas.

Die pas het die rivier nege keer gekruis. Tolgeld was gevra.

1848

Die huidige pas was deur Andrew Bain gebou.

1912

Die Michells Pas spoorlyn is gebou en het 'n groot bydrae gemaak tot die ontwikkeling van Ceres Distrik.

Die eerste witbrug (voor Michells Pas – Wolseley se kant) was met klip gebou, genaamd Greys Bridge.

1921

Nadat 'n vloed die brug beskadig het, is daar 'n tweede brug gebou met die naam White Bridge.

1946

Die pas het gedurende 1946, na die tweede wêreld oorlog, 'n sementoppervlak gekry omdat daar 'n tekort aan Bitumen was. Die Witbrug was vir 'n derde keer herbou.

1969

Die aardbewing het die pas se sementoppervlak onherstelbaar beskadig.

1988

Die vierde brug wat vandag steeds staan, was tot in 1992 gebou.

DIE KROMFONTEIN BOTTER STORIE



GYS DU TOIT SR

Rondom die 1940's is daar op Kromfontein met Friesbeeste geboer. Gys die 2de (Oupa Gys) het nogal 'n mooi kudde opgebou van goeie genetika.


Hy het altyd goeie bulle gekoop. Die beeste is twee keer per dag gemelk vir huishoudelike gebruik en vir room. Ek kan nog onthou hoe die personeel tou gestaan het met 'n emmer per gesin, om melk te kry.

Die orige melk is deur 'n roomskeier gesit. Die room is in kanne vervoer tot by De Keur se bushalte. Die busdiens het die kanne vervoer na PA Hamlet Treinstasie, waarna dit per trein na die kaasfabriek vervoer is. Kan jy jou indink wat vandag met die kanne langs die pad sou gebeur het? Later jare het Ouma Anne besluit om van die room, botter te maak vir 'n beter inkomste. Ouma Anne het haar eie merk gebruik en die botter in 1 pond (454gram) verpakking verkoop. Hierdie merk / handelsmerk / "brand" beskou ek as Dutoit se eerste.



Wat is die lesse van hierdie storie:

1. Die Du Toit-Familie het omgee vir sy mense.
2. Daar is reeds van vroeg af met waardetoewoeging tot produkte begin.
3. Die Du Toit-Familie was nie bang om sy produk te merk en sy naam daaraan te verbind nie.



1940



NOOITGEDACHT

NUWE DINGE

ARNO MARAIS

Ek het geleer dat as mens môre doen wat jy gister gedoen het, jy nie net bly waar jy is nie, maar dat jy agter raak, want die wat wel nuwe goed probeer gaan jou verby. Ons as Nooitgedacht-span het so twee-drie jaar gelede baie gedink wat ons anders sal moet doen en anders oor moet dink om ons beter te laat vaar.

Ons het op vier goed besluit:

1. Presisie bemesting – Sien artikel van Mynhardt Botes
2. BOG pluk-proses – Sien artikel van Albert Nieuwenhuis.
3. Geen/ Minimum uitsoek by pluk kratte.
4. Intydse bestuursinligting om vinniger en beter besluite te neem.

Ons het gedink hoe dit sal wees om minimum uit te soek by die pluk kratte. Dadelik het dit by ons opgekom dat ons die oes anders sal moet voorberei en dat ons almal betrokke, se inkoop sal moet kry. Met die proef-lopie was dit duidelik dat ons die klas 3-vrugte so vroeg as moontlik moet verwyder, natuurlik voordat die oes begin. Dit het ons genoodsaak om alle boorde anders uit te dun, met die een ding voor oë, en dit is om so veel moontlik Dutoit en beter kwaliteit vrugte aan die boom te los. Verder het ons gou agtergekom dat boorde “gegroom” moet word hier vroeg in die nuwe jaar sodra ons kersies onderdak is. Wat ek vinnig gesien gebeur het, is dat ons almal se uitgangspunt verander het, want ons het nie meer die agterdeur van uitsoekers wat klas 3 vrugte uithaal nie. Verlede jaar het ons met ‘n beskadigde oes nie uitsoekers by die kratte gehad nie, en baie lesse geleer.



Vanjaar is ons geseën met 'n pragtige skoon oes en leer ons weer baie oor hoe om hierdie proses glad en beter te laat loop. Ons weet nog glad nie of die idee volhoubaar of reg is nie, maar ons word vinnig slimmer. Wat ons wel reggekry het, is dat ons almal baie vroeër in die grootmaakproses pak-vrugte dink en probeer om soveel moontlik van hierdie vrugte op die boom te los. Ons hou almal hierdie "score board" met groot verwagting dop!

Intydse bestuursinligting. Ons dink hier is 'n groot geleentheid om die baie data in meer bestuurbare informasie te omskep. Ons wil byvoorbeeld graag weet hoeveel vrugte ons in watter deel van 'n boord gepluk het. Dit sal ons presisie-boerdery oefening baie komplimenteer. Indien ons nog presies kan weet hoe daardie spesifieke vrugte se kwaliteit was, sal dit 'n groot stap wees. Indien hierdie data getrou kan word met byvoorbeeld ons boord-inspeksie, sal dit nog beter wees. Ons ondersoek tans 'n werkbare model om hierdie data bymekaar te bring.

Ons hoop dat die "nuwe" goed wat ons probeer Nooitgedacht, en hopenlik later Dutoit, sal help om beter te presteer. Ons nooi ons kollegas uit om te kom kuier en ons te help dink wat ons anders of beter kan doen.



PRESISIE STROOIER-PROJEK

MYNHARDT BOTES

Nooitgedacht het in die vierde kwartaal van 2019 begin werk met die Red Ant Presisie Strooier. Voor die Red Ant het ons vloeibare kunsmis gebruik en korrel kunsmis met die Magitec toegedien. Die Red Ant strooier, strooi kunsmis op die bankie by die wortel area, wat baie meer akkuraat is as die Magitec. Met die presisie strooier kan jy veranderlik saai.

Nooitgedacht se fokus was om swak presterende areas in boorde te verbeter. Daar is verskeie platvorms waarop kaarte met inligting van elke boord verkry kan word. Baie belangrik is die algoritmes wat gebruik word deur die platvorms om te onderskei tussen die bome se groei en die werksry se dekgewas.

Die resolusies van die kaarte is ook baie belangrik en so ook die interpretering van die inligting op die kaarte. Revolute Systems was en is vir ons die beste opsie. Die Sateliet beelde van bv. Fruitlook is geneem met 'n resolusie van 20x20m (400m²), waar Revolute Systems 3x3m (9m²) is. Dit is dus baie meer akkuraat aangesien dat ons bome minder as 2m van mekaar geplant is.

Die beelde (kaarte) dui swak groei area's aan en die kunsmis aanbeveling word dienooreenkomstig gedoen. Die trekker word toegerus met 'n slimfoon waarmee die drywer alle inligting soos die boordnommer, kg per ha, sowel as die swak- en beter areas, tot sy beskikking het. Die foon kommunikeer met die elektronika van die strooier via Bluetooth, die drywer hoef slegs die uittellers te aktiveer op die foon, die res word outomaties gedoen.

Die eerste kaarte het ons redelik laat sukkel en was baie omslagtig om te verwerk. Red Ant en Revolute Systems het vinnig werk daarvan gemaak en nou is die verwerking, intrek en stuur van die kaarte na die trekker en strooier, baie vinniger. Ons dien nou baie meer effektief kunsmis toe. Bome en areas kry kunsmis na gelang van hulle behoeftes. Die proses is nou baie vereenvoudig en werk maklik. In die eerste seisoen het ons reeds 'n groot positiewe verandering gesien.





Presisie-aanbevelings volgens boord-kaarte word via Red Ant Agri se selfoontoepassing na die selfoon op die trekker gestuur, waarvolgens die presisietoediening gedoen word. Die foto toon die werklike toediening soos die selfoontoepassing en sensors op die Smart-Spreader dit opgeneem het.

Gaan kyk gerus na die onderhoude rakende die onderwerp op Youtube - Landbou TV: <https://www.youtube.com/watch?v=k2D5erLUhVY&t=1s>

BIN ON THE GROUND

ALBERT NIEUWENHUIS



Soos altyd is 'n verandering vir ons moeilik, maar tog is dit lekker. Bokveldskloof, ons bure, het omgeskakel na "Bin on the Ground" (BOG). Ek het hulle taamlik oor die draad dopgehou en wou graag ook die proses leer ken en doen. Ek het een van hulle masjiene gehuur vir 2 dae om ook bietjie hande vuil te maak. Daardie nag voor die BOG kom het ek allerhande planne gemaak oor hoe om die mense te oorreed dat die ding kan werk.

Daardie oggend was dit maar vreemd. Span het oor alles getwyfel, kratte staan nie reg nie, kratte is nie reg uitgekakel nie, te veel mense in die rye, wat van die kneus en die leegmaak, was alles vrae wat die manne gevra het. Na so 'n half dag kry ons toe ons ritme. Manne begin verstaan en die tydsom word oor en oor gedoen. Na 2 dae wil die manne weet wanneer kom ons BOG masjiene. Ons is nou ons tweede seisoen besig met die BOG. Meeste van die spanne soek die BOG. En nou as die een span nie kan pluk met sy BOG nie dan spring die manne om hom te kry sodat hulle ook bietjie kan voel hoe dit werk.

Huidig met die Royal Gala pluk ons twee spanne op een BOG as die boorde naby mekaar is. Dit beteken een trekkerdrywer op twee spanne. Ons het die een dag 5 spanne op slegs 3 BOG gepluk. Ek het laasjaar vir een van die voormanne 'n tydstudie gedoen om te wys waar die groot wen is. Ons het een van sy vinnigste plukkers se looptyd gemeet, vanaf sy sak vol is tot by die kratstel en weer nadat hy die pluksak leeggemaak het tot terug by sy trap. As ons sy looptyd uitskakel, kon die man 40 sakke meer gepluk het. Dit is wat ons met die BOG regkry. Die kratte is by die plukkers, gevolglik loop die persoon minder met die pluksak. Daar is dus 'n korter hanteringstyd waartydens kneusings kan plaasvind.

Die manne geniet dit om net die BOG te werk. Ek skryf hieronder soos dit uit die krokodil (soos die manne hom op die plaas noem) se bek kom:

Derrick Opperman (trekkerdrywer): Baie gemakliker en pluk-aksie in boord sonder kratstel is lekker. Vrugte kom vinniger by die laaistoor. Niemand wag vir niemand nie.

Zamalec (Voorman, eerste keer die jaar wat hy met BOG oes): Ons wag nie vir drywer om vorentoe te trek nie. Ons stap nie ver nie. Niemand is in mekaar se pad nie. Ons mors nie tyd nie, ons pluk net.

Thebe (Voorman): Dit is vinnig. Kratte is naby my mense. Minder mense in boord en uitset is beter. Wag vir niemand. As kratte daar is weet jy nie eers dat jou BOG 'n pap wiel het of by laaistoor vashaak nie. My span werk rustig maar uitset bly goed. Met kratstel is die rye toe en met BOG is daar spasie.

Ek kan almal se stories vir julle bysit maar dit kom op dieselfde neer.

Die manne geniet die BOG. Daar is 'n rustigheid tussen die spanne, daar is spasie in die boord en niemand wag vir trekkers nie. **Kwaliteit kom saam met die rustigheid.** Niemand jaag mekaar nie en die stap tyd met vrugte is baie minder. Ons sien uit om ons hele plaas oor te skakel na BOG. Ja, daar is klein probleempies soos byvoorbeeld die 4-way kratte wat tans nie met die sisteem werk nie, maar ons glo dat hierdie goedjies uitgeskakel kan raak.

HERBERGIE BEWAARSKOOL

MABRU MARAIS



Ons bewaarskoolkinders was so mooi in rooi getooi vir Valentynsdag.



KROMFONTEIN



AGATHOSMA BETULINA

NICO VAN DER WESTHUIZEN

Kromfontein het in 2020 in samewerking met Skimmelberg Buchu en Rooibos, 3 hektaar Buchu as 'n proef op die plaas gevestig. Die eerste plantjies is onder geregleerde drip laat in Julie 2020 geplant. Die plantjies is met die hand in goed gedreineerde klipgrond op 'n deel op Kromfontein geplant waar wilde Buchu natuurlik voorkom. Die eerste 3 hektaar was einde September 2020 klaar gevestig.

Die Buchu wat ons geplant het, is die "Ronde blaar" Buchu (Agathosma Betulina). Buchu is endemies aan die hange van die Cederberg streek in die Wes-Kaap. Dit vorm deel van die fynbos in die Kaap. Dit is 'n bladhoudende meerjarige bossie wat tot twee meter hoog kan groei, met ovaalvormige blare met 'n sterk aromatiese geur as jy dit tussen jou vingers vryf. Die blomme is wit tot pienk, en die saad kapsules bestaan uit 5 segmente met klein swart saadjies in wat vrygestel word wanneer dit droog raak. Die blare het klein "olie sakkies" aan die agterkant waar die geur van die plant vandaan kom.

Buchu is 'n natuurlike kruie wat van die vroegste tye af al deur inheemse stamme gebruik was vir medisyne. Tans word dit wêreldwyd gebruik vir verskeie medisinale gebruike. Dit is kafeïen-sowel as suikervry en word in kosse en drankies, sowel as lekkers as 'n geur- en smaak versterker gebruik.

Die olie word deur 'n proses onttrek en dan as 'n olie bemark. Plaaslik word dit in verskeie vorme van tee sowel as gekeurde water en rome gebruik. Daar word ook essensiële olies van die produk gemaak.

Ons vooruitsigte is om in 2021 nog een hektaar te vestig en ons eerste gedeeltelike oes in 2022 af te haal. Ons sal dan 'n evaluasie doen om die ekonomiese volhoubaarheid van die produk te bepaal, alvorens daar voortgegaan word met verdere uitbreidings. Alles lyk op hierdie stadium goed. Buchu gebruik baie min water en voeding en is meestal op homself aangewese. Al nadeel is onkruid wat deurentyd met die hand onder beheer gehou moet word.

KROMLIN PRIMÊR

JOHAN PIETERS



Alhoewel die land, skool en gemeenskap gekonfronteer was met die Coronavirus was daar egter baie ander mooi oomblikke waarop ons voorwaar trots is.



Die mooi van 2020

Daar was die hele jaar geen Corona-virus gevalle by ons skool aangemeld nie. Die leerders en personeel kon die jaar ongeskonde voltooi. Alhoewel die skool finansiële swaai gekry het omdat geen groot fondsinsamelingspogings gehou kon word nie, was daar die pragtige gebaar van die Dutoit maatskappy wat aan die skool R20 000 geskenk het. Hierdie fondse was gebruik om twee oorhoofse projektors aan te koop. Ons is die Dutoit Groep ewig dankbaar hiervoor en weet dat ons op hul volgehoue ondersteuning kan staatmaak.

Na tien jaar van harde werk en spaar het die SBL van die skool besluit om die skool se eie mini-bus aan te skaf. Dit vir die skool en die gemeenskap 'n groot ontwikkeling in 'n baie moeilike jaar. Hierdie oomblik is 'n teken van die skool se volgehoue dryf om 'n instansie van uitnemendheid te wees.



In November is 'n tweede rekenaarlokaal by die skool in gebruik geneem. Hier het Mnr. Gys du Toit (Jnr) 'n versoek vir die aanbring van nuwe skakelaars vir die 20 nuwe rekenaars omskep in 'n pragtige volledige toegeruste rekenaarlokaal met lugversorsing. Vir hierdie gebaar van welwillendheid deur Mnr. du Toit is die skool verskriklik dankbaar.

Opknapping van die skool

Die jaar het met 'n hoogtepunt afgeskop toe verskeie herstelwerk op 4 Januarie 2021 by die skool begin is. Met die opknapping het Mnr. Du Toit sy woord gestand gedoen dat die skool in 2021 prioriteit sal geniet.

'n Deeglike opknappingsproses het begin wat steeds in proses is: Skoonmaak en verf van geboue. | Skuur en behandeling van die

plankvloere. | Aanbring van beligting in die toilette. | Baie beter beligting in die klaskamers asook buite. | Herstel en verbetering van die omheining. | Opgradering van die alarmstelsel.

Ten Slotte

Uit bogenoemde is dit duidelik dat daar baie omgee en welwillendheid by die landgoedbestuur en in besonder Mnr. Gys du Toit vir die skool bestaan. Die skoolgemeenskap (ouers, leerders, personeel) is baie dankbaar hiervoor. Die opknappings sal bydra tot die volgehoue verbetering waarna ons skool strew. Ons sal verder help toesien dat die skoolgeboue netjies gehou word, die terrein en tuin versier word en ons voortdurend akademiese groei.

Ons strew na verbetering en uitnemendheid, want ons bly trots KROMLIN!

B A B B E L & K R A B B E L

SANDRA GALANT



Die jaarlikse Leer-Ken-Mekaar funksie vir bewaarskoolpersoneel wat deur die Koue Bokkeveld Vroeë Kinderontwikkelingsforum aangebied word, kon hierdie jaar nie realiseer nie as gevolg van die Covid -19 pandemie. Inisiatief is geneem dat elke bewaarskool sy eie Leer-Ken-Mekaar aand hou. Kromfontein bewaarskoolpersoneel het besluit om die aand met hul bewaarskool komiteelede te deel.

Die doel van die geleentheid was om harmonie, vriendskap, kameraadskap en hulpverlening tussen lede te handhaaf en te bevorder. Die groep het ook die geleentheid gehad om hul kreatiewe kant te ontdek deur hul eie boekmerkers in te kleur en te versier. Die groepie het die aandjie baie geniet en besluit om dit sommer meer dikwels te doen. Ons bedank graag mev Du Toit en personeel vir al hul moeite met die reëlings.

LINDESHOF



SONKRAG

JAN ROSSOUW

Na die droogte en die gepaardgaande watertekorte, is daar strategies besluit om Lindeshof se beskikbare watersituasie te verbeter deur die vermeerdering van die bestaande aantal boorgate op die landgoed.

Boorgate met potensieel goeie waterlewering word nie noodwendig altyd naby bestaande kragpunte aangewys nie en vanweë die onvermoë van ESKOM om genoegsame elektrisiteit aan ons streek te voorsien, is ons verplig om voorsiening te maak vir die benutting van alternatiewe energiebronne. Sonenergie was ons eerste keuse, wat dan ook in die pas afgelope somer gedoen is.

Twee potensieële posisies vir boorgate met goeie water is bepaal waarna die eerste geboor is tot op 'n diepte van 240 meter met 'n lewering van 45 000 liter per uur. Na 'n konsultasie met Witzenberg Besproeiing, New Southern Energy en Bokkeveld Elektries is 'n geskikte terein gekies vir die oprigting van die sonpanele.

Die terrein is ontwikkel om voorsiening vir toekomstige uitbreiding agv. die ontwikkeling van 'n tweede boorgat te maak. Die eerste struktuur met sonpanele is opgerig en suksesvol in diens gestel om gedurende die dag elektrisiteit aan die betrokke boorgat te voorsien.

KITSFEITE

BOORGAT DIEPTE: 240m
POMP DIEPTE: 150m
POMP LEWERING: 40 Kubiek per uur
MOTOR GROOTTE: 22kW / 30 hp
AANTAL SONPANELE: 128 x 400 Watt
ENERGIE OPWEKKING: 730 Volt

TEGNIES

natural beauty
is the real beauty

In a world of
perfection, it is
increasingly
difficult to stay
true to yourself. If
you do not dare
to ask "why", you
risk to live life in
a superficial way.

©2019 webfruit GmbH

OPAL® - STAY TRUE

TANITH FREEMAN

Opal® se agtergrond is seker een van die mooier stories as dit kom by nuwe kultivars. Opal® is die handelsmerk vir die kultivar 'UEB 32642' wat geteel is deur Dr. Tupý by die Institute of Experimental Botany of the Academy of Sciences in Prague, Czech Republic. Navorsing wat geskroei was op die teel van appels met weerstand tot appelskruf (Fusicladium) en poeieragtige meeldou het in 1966 aanvang geneem.

Dr. Tupý het met die hand stuifmeel van die kultivar 'Topaz' ('n rooi skil appel met intense soet-suur smaak balans) geneem en op die stamper van die blom van 'n 'Golden Delicious' gesit. Interessant is dat Dr. Tupý die seleksie wou van kant maak weens sy kosmetiese voorkoms, maar het tog besluit om dit te hou vir verdere evaluasie reeds in 1999.

Dr. Tupý is in Junie 2016 oorlede, maar hy het kort voor dit, 'n antwoord op 'n vraag oor sy lewensprestaties gesê "You know, varieties are created by nature". Die appelskrufweerstand is van die Topaz oer af wat ook by dieselfde instituut geteel is, en tot vandag toe nog 'n belangrike rol in die Europese organiese produksie van appels speel. 'n Ander interessante feit is dat die appel se vleis nie verkleur wanneer dit gesny word nie – ideaal vir 'n appel-happie in 'n kosblik of slaai!

Vandaar het die appel sy weg gevind na Washington Staat in die VSA via Dave Weil se jaarlikse besoeke aan Dr. Tupý – die robuuste geardeheid, smaak en unieke voorkoms van die appel

het sy aandag getrek. Michael Weber en sy vennote in fruit.select het ook in Europa 'n voetspoor begin dryf.

In Europa het die oes van 2 240 ton in 2019 gegroei na 3 140 ton verlede jaar met 'n groot dryf om die appel te onderskei in die mark – 'in a world full of red apples, be a yellow one'! Sover dit Suid-Afrika betref – is Dutoit een van maatskappye wat 'UEB 32642' produseer - die enigste in die Wes-Kaap.


Woolworths het so baie van die appel gehou, dat hulle dit nou vir die tweede jaar eksklusief verkoop, en die jaar onder die Flavour Burst reeks. Terwyl die kosmetiese voorkoms besonders uniek is – soos elkeen van ons, is die appel ook besonders is sy smaak! **Vanaf Junie beskikbaar in verskeie Woolworths takke.**



REGULEX STEM LENGTH

SIZZIE DINWA

This season we sprayed Regulex for stem length elongation. Apples like Kanzi and Jazz typically have shorter stems which makes them susceptible to fruit fall during harvest and shoulder injury. Our aim is to get medium-sized stem length to reduce apple shoulder injuries and fruit fall but not too long that the stems can potentially puncture other fruit. Regulex also help to reduce russetting on apples and improve fruit set.



MODIFISEERDE ATMOSFEER

RUDOLPH CRONJE

Daar is vanjaar gekyk na die gebruik van Modifiseerde Atmosfeer (MA) paletsakke vir nektariens tydens verskeping. Die doel van die MA-paletsak is om vrugkwaliteit vir 'n langer periode optimaal te hou en om verrimpeling tot 'n minimum te beperk, aangesien dat verrimpeling 'n groot probleem by nektariens is.

Die MA-paletsak behels hoë CO₂ en lae O₂ vlakke en gemodifiseerde humiditeits-vlakke. Resultate wat vanjaar verkry is, lyk belowend en die evaluering van die sakke gaan volgende seisoen voortgesit word.

REFLEKTIEWE MATERIAAL


WILLIE KOTZE

Reflektiewe materiaal word gebruik om kleur op appels te verbeter. By nuwe klone word dit gebruik om 'n groter persentasie appels in die premiumklas te kry. Op ou klone, soos Royal Gala, word dit gebruik om meer gekleurde vrugte in die optimum rypheid te pluk.


The first graph indicates the results for the reflective mulch on-tree trial on Nooitgedacht for a Royal Gala block. Even though this season seemed to be a good colour year, the reflective mulch improved fruit colour from Class 3 to Gala quality by 14%.

This second graph is showing the spread of the harvest during the three picks. 22% of the harvest that would've been in the 3rd pick got harvest in the 1st and 2nd pick for the reflective mulch treatment. I think this is positive to get less variation in the maturity of fruit.

NA 14 (RFM) | NA20 (CONTROL): ON-TREE | % AS PER TREE COUNT



OLD RGL ON-TREE HARVEST SPREAD | %FRUIT PICKED DURING HARVEST



BEMARKING



FABLED FRUIT - APPLES

PERSVERKLARING

